Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, November 13, 2022

Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



Jy het dalk reg tot die vrugte, maar die boom behoort aan iemand anders

# Loop lig vir vruggebruik

Kom ons begin by die testament, want dit is tog maar waar die meeste vruggebruike gestalte kry - en waar die meeste probleme met die afhandeling van boedels begin.

Ek gebruik 'n werklike voorbeeld ná 'n vraag van 'n leser. Sy beredder boedels, maar kom toe by 'n punt waar dinge begin vashaak. Navrae aan 'n paar prokureurs en selfs die Meesterskantoor kon haar nie help nie. Toe maar na my.

Die relevante feite is kortliks: A en B was getroud en het 'n gesamentlike testament opgestel, waarin hulle onderskeidelik vir die langslewende 'n vruggebruik gee oor al die bates van die oorledene. Spesifiek hierby ingesluit is nie net vaste bates nie, maar ook roerende bates en baie uitdruklik ook die motorvoertuie.

As hulle gesamentlik sterf, of by die sterfte van die langslewende, word alle bates onder die kinders verdeel.

Asof dit op sigself nie vaag en onsamehangend genoeg is om 'n kopseer te skep nie, kom die langslewende gade, die vrou, nou met 'n eis ingevolge die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990) teen haar oorlede man se boedel.

Nadat sy reeds 'n vruggebruik het oor al sy bates? Effens gek.

## Ons kan maar net raai

Ek dink die opsteller van hierdie testament moet na die markplein geneem word en aan sy groottone opgehang word. Dit is vir my een van die vreemdste dinge in 'n wêreld vol vreemde dinge - in die finansiële en fidusiêre omgewing - dat mense te vrekkig is om 'n spesialis te betaal vir 'n behoorlike boedelplan en 'n testament. En dan derduisende en selfs miljoene rande sal waag op hofsake wat vermy kon word. Om nie te praat van ongelukkige erfgename nie.

Ons los die punt maar eers daar en keer terug na ons leser se vraag oor die vruggebruik en die testament.

Ek vermoed die gesamentlike testament was 'n (vrot) poging om boedelsamesmelting te bewerkstellig. "Ons voeg ons boedels saam by die sterfte van die eerste van ons, met 'n vruggebruik aan die langslewende tot met sy of haar afsterwe waarna die bates oorgaan in gelyke dele na ons kinders."

Dis soos dit hoort. Maar dit is nie só gestel nie. Ons kan maar net aflei - en net 'n hof kan 'n bindende afleiding maak - dat die bedoeling boedelsamesmelting was.

Maar daar is 'n gemeenregtelike vermoede teen boedelsamesmelting. Kortom, as daar twyfel is, was dit nie die bedoeling nie. So, ons los dit.

## Nou die vruggebruik self

'n Vruggebruik gee aan die vruggebruiker die reg op die vrugte van die bate waaroor die vruggebruik geskep is. Dit is nie hare nie. Sy het 'n vruggebruik oor die boom, maar sy is net geregtig op die vrugte aan die boom. Die boom (die blote eiendom) behoort aan iemand anders.

In dié geval aan die kinders. Ek maak 'n afleiding, want selfs dit is nie duidelik in die testament nie.

Met vaste bates, soos 'n woonhuis, kan sy met 'n vruggebruik daarin woon of sy kan dit verhuur en die huurgeld in haar sak steek. Sy moet dit net oppas en in dieselfde toestand as waarin sy dit gekry het oorgee wanneer die vruggebruik verval.

Selfs dit moet geraai word, want nêrens word gesê vir hoe lank die vruggebruik geld nie. Ek raai maar dis tot by haar dood.

'n Vruggebruik oor geld? En oor motors? Nee, dit bestaan nie. Ons praat dus van 'n kwasi-vruggebruik.

Die motors? Wat as dit oud en roeserig raak en vervang moet word? Sy gaan die kinders se toestemming moet vra om dit te verkoop, want hulle besit die motor (die boom).

Die geld? Dit gaan só belê moet word - en die kinders behoort aan te dring daarop - dat die kapitaal beskerm is teen inflasie. Dis tog jou erfenis, die vrou het slegs die vruggebruik daarop.

## En haar eis om onderhoud?

Dit is haar goeie reg om teen die boedel te eis om onderhoud. Al is dit simpel, soos ek daarna kyk, want sy het dan reeds 'n vruggebruik oor al sy bates. Sy het ook haar eie bates.

Maar dit is soos dit is. Is daar 'n oplossing?

Ja, dalk tog.

Die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades gee self 'n oplossing in art. 2(3)(d). En dit was my voorstel aan die leser, dat sy die vrou en die kinders bymekaar moet bring om 'n ooreenkoms te probeer bereik en 'n trust op te rig waarheen die bates dan vererf.

Die vrou kry dan 'n gevestigde reg op die inkomste in die trust. Dit behoort die voordele van die vruggebruik sowel as die onderhoudseis te vervang.

Die beleggings in die trust moet gedoen word om kapitaalgroei te bewerkstellig en só die uiteindelike erfgename, die kinders, se belange en erfenis te beskerm.

Ek glo dat as daar nie tot een of ander vergelyk gekom kan word tussen die uiteindelike erfgename en die vrou nie, gaan hierdie saak in die hof beland. En dan verloor die hele spul.

Net 'n laaste punt. Die vrou sal haarself en haar erfgename 'n groot guns doen as sy so gou as moontlik 'n nuwe testament opstel waarin sy haar eie bates hanteer.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.